

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
27 Oktober 1977

Onderwerp: Lidmaat van die Kerk

Lees: 1 Korinthiërs 12 verse 22 tot 27

Teks: 1 Korinthiërs 12 vers 24

Sing: Psalm 100 vers 1
Gesang 155 verse 3 en 4

“Die Kerk wat ons bely, is ’n wonderlike kunswerk van die Drie-enige God. Die fondament daarvan is die uitverkiesende genade van God. Jesus Christus is die Boumeester, wat sy Kerk vergader alleen uit hulle wat die Vader tot die ewige lewe uitverkies het. Hy doen dit deur sy Woord en die Heilige Gees.

“In sy skrywe aan die Korinthiërs skets Paulus vir ons ’n beeld van die gemeente as ’n organiese eenheid, wat hy met ’n liggaam met baie lede vergelyk.

“Broers en Susters, wanneer ons sê: Ek behoort aan die Kerk, beteken dit dat ek ’n lid is van daardie liggaam waarvan Jesus Christus die Hoof is. Dit is wat dit behoort te beteken as ek sê dat ek ’n lidmaat van ’n gemeente is.

“Die daarstelling van die Kerk, die groei en totstandbring van die gemeente is die werk van die Heilige Gees van God. Paulus sê: ‘Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam’. (1 Kor 12:13) Ons teksvers sê duidelik: ‘... God het die liggaam saamgestel’. (1 Kor 12:24) Ek kan dus nie ’n lidmaat van die Kerk word tensy God my ’n lidmaat maak nie.

“Hoe maklik reken ons soms dat dit ons eie toedoen is. Ek is gedoop. Ek het gekatkiseer. Ek het belydenis van geloof afgelê. Ek is in die kerk getroud. Ek ondersteun en lewer my bydrae van tyd, geld ensovoorts vir die kerk. In al hierdie nodige dinge is daar so maklik te veel van die eie Ek en te min van God.

“God het die liggaam saamgestel. Só was dit dan ook by die stigting, die geboorte van die Christelike Kerk, soos dit in Handeling beskryf word: ‘En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.’ (Hand 2:47)

“Broers en Susters, as dít maar altyd waar was van ons lidmate en almal wat belydenis van geloof afgelê het. Laat ons die Here ernstig bid dat dit waar sal wees.

Dan sal daar lewe in die kerk, die gemeente en die liggaam van Jesus Christus wees.

“Dit is só nodig om die almag van God, die liefde van God en die genade van God, wat my ’n lidmaat gemaak het, te besef en te erken. Dit is gevaarlik om aan my lidmaatskap in terme van my bydraes daartoe te dink. Dit is netso gevaarlik om ’n kerk in terme van getalle of prestasies te meet.

“Broers en Susters, lidmaatskap bring voorregte, maar ook verpligtinge. Ons teks waarsku ons nadruklik dat daar: ‘... geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie’. (1 Kor 12:25) Dit is nie ’n beskrywing van ’n onbereikbare ideaal nie. Dit onderstreep die plig van elke lidmaat om daardie eenheid te bekom en te behou.

“In ’n liggaam waar daar baie verskillende lede is, is dit so maklik om verdeeldheid te kry. Daar is lede van die liggaam wat in vergelyking met die ander maar swak voorkom. En dit is hoogs onwaarskynlik dat ons onself as die swakkes sal beskou. Ons sal eerder krities en smalend teenoor die ander optree. Só eiegeregtig en liefdeloos is die mens. Min besef ons dat die verdeeldheid wat ons veroorsaak, die liggaam benadeel.

“Ons is so gou om vas te stel waarvan ons nie in ons buurman hou nie. Hoe stadig is ons om sy voortreflikhede raak te sien en te waardeer. Hoe dikwels laat ons toe dat ons gesindheid, ons woorde en ons doen en late ’n koue atmosfeer skep en verwydering bewerk.

“As die Heilige Gees in sy oortuigende krag ons aandag hierop vestig, mag ons nie net bid: Here as U iets in my verkeerd sien, vergewe my dit tog nie. Maar ons moet eerder bid: Here oortuig my van my gesindheid wat verwydering en verdeeldheid tussen my en ’n medelidmaat van die liggaam van Jesus Christus bring. En gee my die moed en die grootmoedigheid om dit te erken en te bely en daarvoor verskoning te vra.

“Die vermyding van verdeeldheid is ’n aktiewe en positiewe aksie, soos die res van ons teksvers aandui: ‘... maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.’ (1 Kor 12:25) Deur die sorg van die lede onderling vir mekaar word ons bewus van die eenheid van die liggaam. Vanweë die geestelike gemeenskap in Jesus Christus, ons Hoof, moet daar dan ook die nouste en intensste band tussen lede wees. Dan sal die een

lidmaat hom nie teenoor die ander verhef, of mekaar benadeel nie.

“Jesus Christus het dit in sy gebod so duidelik gestel, dat ons ’n verpligting teenoor ons medemens het. Dat ons ons medemens moet liefhê soos onself. Dit beteken dat ek in hom sal belangstel, hom sal help, bemoedig en geestelik versorg op die pad. As ons dit nie doen nie, moet ons weet dat ons die oorsaak kan wees van die verswakking van die liggaam en die ondergang van daardie medelidmate.

“Godsdien bestaan nie uit individue wat in isolasie afgesonderd van mekaar leef nie. Jy het ’n verantwoordelikheid om ’n bydrae te maak tot die welstand van jou gemeente en die Kerk van Jesus Christus in die algemeen. Dit is nie ’n leefwyse vir die afgesonderde enkeling nie, maar dit is ’n gesinsak. Só noem ons mekaar dan Broers en Susters en erken daarmee ons verpligtinge teenoor mekaar.

“Ons sien hier duidelik dat die Godsdien ’n praktiese saak is. Dit is nie alleen wat jý in afsondering dink, aanvaar en glo nie. Jy het ’n verpligting teenoor die gemeente, die liggaam van Jesus Christus, wat ’n lewende organisme is. Dit is hoe Jesus ons leer om te leef.

“Die liggaam waarin die lewend makende Gees van God woon, dra noodwendig vrug. Paulus beskryf dit: ‘Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.’ (Gal 5:22) Só ’n lewe ontvang die grootste skat wat Christus Jesus gee: die lewe, die nuwe lewe deur die Heilige Gees en die Ewige lewe. Elkeen wat glo, deel ten volle in hierdie skat.

“Gepaard hiermee gaan die skat van vergifnis van sonde, want die skuldbrief is aan die kruis gespyker. Jesus Christus het ons sondeskuld by God betaal. So het Jesus Christus se geregtigheid ons s’n geword. Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, omdat ons deur Jesus Christus geregverdig is. Ons is erfgenaam van God en mede-erfgenaam van Jesus Christus.

“Godsdien is nie wat jy besluit om aan God te bied nie, maar wel die diens wat God van jou eis. God bepaal hoe en waar Hy gedien moet word. God bepaal wat Hom welbehaaglik is. God self bepaal die norm en die aktiwiteit van die Christen. En dit, Broers en Susters, het noodwendig ’n uitwerking op die ander lede.

“Ons gebruik graag die uitdrukking: om ons roeping en verkiesing vas te maak. Ons is geroep om deel te

wees van die heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die Heiliges. Daartoe het God self ons geroep. Mag ons antwoord 'n eerlike, opregte en dankbare 'ja' wees.

“Waartoe is ons verkies? Om deel te wees van 'n Kerk wat teen verdeeldheid stry; wat werk om sorg te dra, nie net vir die stoflike welsyn van sy lidmate nie, maar vir hulle sieleheil. Mag God gee dat dit die grondslag van ons lidmaatskap sal wees.

“Amen.”

Kommentaar:

Dit is nie jy wat besluit of jy 'n lidmaat van die Kerk van Jesus Christus is nie. Dit is God se besluit. Moenie onverskillig daarmee omgaan nie.

Dominee Bester verwys in hierdie preek na die uitverkiesing.

Vir diegene wat die HERE soek en nog nie tot bekering gekom het nie en wonder of hulle uitverkies is, is daar goeie nuus. In Johannes 6 vers 44 staan geskryf:

“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie ...”

So, as jy die HERE soek, is dit die HERE wat jou trek. Dan is dit die HERE wat jou roep. Dan moet jy weet dat Hy reeds 'n afspraak met jou het.

